



LAERSKOOL DALVIEW

GEKONTROLEERDE TOETS

VAK: LEWENSVAARDIGHEID (PSW)

GRAAD 4

EKSAMINATOR: Mnr. M. Malot

OUER HANDTEKENING: _____

MODERATOR: Mnr. S. Loots

DATUM: 24 Mei 2024

TYD: 60 min

TOTAAL: 60 PUNTE

NAAM EN VAN: _____ **GR. 4** _____

Instruksies:

1. Lees elke vraag versigtig deur voordat dit beantwoord word.
2. Volg die instruksies by elke vraag.

Vraag analise

Afdeling A:	Meerkeusige vrae	Kognitiewe vlak van die vrae	Totaal van die vraag
Vraag	Inhoud en beskrywing van die vraag		Puntetoekenning
Vraag 1	Sterk en Swakounte Gebruik die gegewe woordbank	Vlak 1 en 2 Laer orde vrae	/ 6
Vraag 2	Emosies Onderstreep die korrekte antwoord	Vlak 1 en 2 Laer orde vrae	/ 6
Vraag 3	Respekteer jou en ander se liggaam Kies die korrekte antwoord	Vlak 1 en 2 Laer orde vrae	/ 6
Vraag 4	Groepwerk Voordeel en Uitdaging	Vlak 3 en 4 Middel orde vrae	/ 6
Vraag 5	Konflik Voltooi die stappe in volgorde	Vlak 5 en 6 Hoër orde vrae	/ 6
	TOTAAL:		/ 30
Afdeling :B	Beskryf , analiseer en los op.	Kognitiewe vlak van die vrae	Totaal van die vraag
Vraag 6	Kinderregte Benoem en vul in (Prent analise)	Vlak 1 en 2 Laer orde vrae	/ 6
Vraag 7	My liggaam is myne Invul vrae	Vlak 1 en 2 Laer orde vrae	/ 6
Vraag 8	Afknoers Noem en Bespreek vrae (Prent analise)	Vlak 1 en 2 Laer orde vrae	/ 6
Vraag 9	Kinderregte Bespreek vrae (Inligtingstuk)	Vlak 3 en 4 Middel orde vrae	/ 6
Vraag 10	Bullebakke Leesstuk Noem en Bespreek	Vlak 5 en 6 Hoër orde vrae	/ 6
	TOTAAL:		/ 30

AFDELING A: [30]

Vraag 1: [6] (Sterk en Swak punte)

Gebruik die **gegewe woordbank** en pas die korrekte woorde by die regte **Kolom**.

* Top 10 akademie
* Baie stadig

* Beste rugby speler
* Help graag ander mense

* Sukkel om te sing
* Raak vinnig kwaad

<u>Sterkpunte</u>	<u>Swakpunte</u>
•	•
•	•
•	•

Vraag 2: [6] (Emosies)

Lees die volgende **paragraaf gedeelte en onderstreep** dan die korrekte antwoord.

Wanneer ons 2.1 (Kwaad / Gelukkig) (1) is , 2.2 (Praat / Luister) (1) ons soms met niemand nie. Ander kere 2.3 (Glimlag / Skree) (1) ons en 2.4 (Stamp / Spring) (1) ons voete. Ons almal word een of ander tyd kwaad en wys ons woede op verskillende maniere. Ons neem soms 2.5 (Geld / Emosies) (1) van ander mense oor en wys byvoorbeeld ons woede op dieselfde manier as ons ouers. Dit is nie altyd 2.6 (Verkeerd / Reg) nie .

Vraag 3: [6] (Respekteer jou en ander se liggaam)

Voltooi die volgende vrae deur die korrekte antwoord (**letter**) te omkring :

- 3.1 Rook veroorsaak _____-, keel- en mondkanker .
a.) Brein
b.) Voet
c.) Long (1)
- 3.2 Vreemdelinge mag _____.
a.) Aan my raak
b.) Partykeer aan my raak
c.) Nooit aan my raak nie (1)
- 3.3 _____ jou liggaam deur buite te speel en aktief te wees.
a.) Eet
b.) Oefen
c.) Slaap (1)
- 3.4 Gereelde oefening en gesond lewe is _____ vir jou liggaam.
a.) Sleg
b.) Goed
c.) Maak nie saak (1)
- 3.5 Wys _____ vir jou liggaam deur versigtig te wees wat jy eet.
a.) Geen respek
b.) Respek
c.) Eet (1)
- 3.6 Slaap minstens _____ ure 'n nag.
a.) 11
b.) 20
c.) 2 (1)

Vraag 4: [6] (Voordele en uitdagings van groepwerk)

Lees die volgende sinne hieronder gegee en sê dan of elke geval 'n voordeel of 'n uitdaging van groepwerk is:

GEVAL	VOORDEEL / UITDAGING
4.1 Lui leerders los al die werk vir die ander in die groep.	(1)
4.2 Baasspelirige leerders neem alles oor en bederf die pret.	(1)
4.3 Jy kan jou idees deel en 'n beter uitkoms kry.	(1)
4.4 Die take kan dus baie vinniger klaarkom.	(1)
4.5 Dit is iets wat groepwerk baie moeiliker maak vir almal.	(1)
4.6 Dit is iets wat groepwerk baie makliker maak vir almal.	(1)


Vraag 5: [6] (Gebruik die konfliktpad om konflik te hanteer)

Bestudeer die prentjies hieronder om die volgende vraag te voltooi.

Voltooi die volgende **stappe hoe om konflik op te los**

Skryf **die nommer** van die stappe wat in volgorde moet wees neer langs die sin.

(Bv no 5.1 = 1) – voltooi die res van die volgorde vanaf 5.2 tot 5.6 .



- 5.1 Die 2 leerders het konflik met mekaar en baklei en stry. _____ (1)
- 5.2 Die 2 leerders moet vrede maak met mekaar na die konflik verby is. _____ (1)
- 5.3 Die 2 leerders luister na mekaar oor hoekom hulle konflik gehad het. _____ (1)
- 5.4 Die 2 leerders moet luister na 'n volwassene en ouer om raad te kry. _____ (1)
- 5.5 Die 2 leerders moet dink oor die konflik en wat gebeur het. **Stap 5** _____ (1)
- 5.6 Die 2 leerders moet ophou met die konflik. _____ (1)
- 5.7 Die 2 leerders moet praat oor die konflik met mekaar. _____ (1)

AFDELING B: [30]

Vraag 6: [6] (Kinderregte)

Regte – Bespreek elke prent se reg by hierdie antwoord
(Wat is jou reg, dit waarna die prent verwys)


6.1 _____



6.2 _____



6.3 _____



6.4 _____



6.5 _____



6.6 _____



VRAAG 7: [6] (My liggaam is myne)

Bestudeer die volgende skets en voltooi die ontbrekende woorde: [6]

Alkohol kan jou 7.1 _____
beskadig, sodat jy nie meer kan
sien nie.

Alkohol beskadig jou 7.4 _____
sodat jy nie goed kan onthou nie.


7.2 _____
veroorsaak keel- en
mondkanker.

Rook veroorsaak 7.5 _____

Alkohol beskadig jou
7.6 _____ en lewer

Alkohol en rook beskadig
7.3 _____ en
bloedsirkulasie.

Alkohol kan jou spiere beskadig.




VRAAG 8: [6] (Bullebakke en Afknouers)

Bestudeer die 3 prente van boelies, **Benoem elke tipe afknouer**, asook 'n **Voorbeeld** sin by elk.


Prent 8.1



Prent 8.2



Prent 8.3



(Noem die tipe afknouer)

8.1: _____ . (1)

8.2: _____ . (1)

8.3: _____ . (1)

(Bespreek die afknouer se gedrag – voorbeeld sin van wat so 'n afknouer doen)

8.1: _____ . (1)

8.2: _____ . (1)

8.3: _____ . (1)

VRAAG 9: [6] (Kinderregte)

Bestudeer die ondestaande grondwet en beantwoord die vrae wat volg.

Die Suid-Afrikaanse Grondwet

Ons regte en verantwoordelikhede kom uit ons Grondwet. 'n Grondwet is amper soos 'n groot boek met reëls wat mense help om vry en regverdig in 'n land te woon. Die regering, ondernemings, grootmense en kinders moet die wette in ons Grondwet nakom. Alle mense in Suid-Afrika het basiese regte, maar kinders het spesiale regte, want hulle het meer beskerming as grootmense nodig.

Vraag 9.1 Noem die 4 persone wat die wette van ons grondwet moet nakom ? (4)

- _____ (1)
- _____ (1)
- _____ (1)
- _____ (1)

Vraag 9.2 Wat is die grondwet en wat beteken dit vir ons ? (2)

VRAAG 10: [6] (Bullebakke)

Bestudeer die gegewe artikel hieronder en beantwoord die vrae: (6)

Rudie leer sy les

Rudie is 'n sterk en groot seun. Hy is goed in krieket, hokkie en rugby en hy is die vinnigste atleet in die skool. Hy spog altyd by sy vriende en klasmaats dat hy die beste in alles is en dat hy vir niks bang is nie.

Rudie hou baie daarvan om elke dag vir Molly te spot en hy noem haar lelike byname soos "verloorder" of "bangbroek". Hy doen dit elke keer wanneer hy by haar verbystap. Hy spot ook met Arnold Dladla omdat hy dink Arnold is anders en vreemd. Hy lag vir Arnold se klere, hare en die bril wat hy moet dra. Tydens pouse hardloop hy gereeld met 'n stok in sy hand agter die jonger leerders aan of steel hulle kos. Rudi dink altyd dit is baie snaaks en skree van die lag wanneer hy iemand laat huil.

Die onderwysers en ander grootmense waarsku gereeld vir Rudi dat hy eendag iemand se hulp gaan nodig hê, maar dat niemand hom dan sal wil help nie omdat hy so gemeen met almal is. Rudi lag maar net en sê: "Wanneer sal ek nou iemand nodig hê? Ek is die beste in alles." Eendag terwyl Rudi vir Molly oor die speelgrond jaag en haar hare probeer trek, struikel hy en val teen 'n heuwel af. Hy skree van die pyn. Hy kan nie opstaan nie, want hy het sy enkel verstuit. Al die kinders staan net en kyk en wys na hom. Hy skree vir hulle: "Hou op kyk na my, help my liever! Help my opstaan! Nôú!" Die kinders draai net om en stap weg. Rudi sit heeltemal alleen daar, skaam en hulpeloos. Na al die kinders weg is, sien Rudie vir Arnold aangestap kom. Sonder om enige iets te sê, help Arnold vir Rudie op en vat hom kantoor toe sodat sy ouers hom kan kom haal.

Die aand toe Rudie in sy bed lê besef hy, dat die onderwysers en ander grootmense al die tyd reg was, hy het werklik niemand!

Die volgende dag by die skool het al die kinders vir Rudie gestaan en kyk toe hy aangehuppel kom met sy seer voet. Hy het na Arnold gegaan en gesê: "Ek is jammer dat ek so lelik was met jou, dat ek jou altyd gespot het en rondgejaag het."

Na alles wat ek aan jou gedoen het, was jy steeds daar vir my in my tyd van nood. As jy nie omgee nie, sal jy asseblief my vriend wees?"

10.1 Wat is die 2 byname wat Rudie vir Molly genoem het ? (2)

* _____.

* _____.

10.2 Noem die 3 tipes maniere van afknou wat rudie in die storie toegepas het ? (3)

* _____.

* _____.

* _____.

10.3 Verduidelik in jou eie woorde , wat dink jy is 'n boelie. (Definisie) (1)

- EINDE -